

ELJADA HUIS MSW

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

17 Oktober 2013

Dagsê, Almal

My briefie is 'n hoogtepunt van elke week se werk. Dit is my geleentheid om vir elkeen wat 'n bydrae lewer **DANKIE** te sê. As ek al die name moet noem gaan ek nie plek hê vir 'n storie of nood behoeftes nie. Daar word gedurig vir my gesê "Onthou om tog in jou briefie te noem..." Dit is net genade want die Here bly ons middelpunt van alles wat hier gedoen word. Dit is nie so maklik nie want die satan is lustig en bly ons aanval want elke dag is daar maar 'n probleem wat kop uitsteek. Die eie ek wil maar net oorneem wanneer die werk uitgedeel word. In hul grootword omstandighede het hul nooit die Here geken soos hulle Hom hier leer ken en beleef nie. Ek staan self dikwels stomgeslaan oor die seëninge en my trane loop gereeld van dankbaarheid. Ek vra weer met groot vrymoedigheid dat julle aan ons sal dink in jul gebede.

Die markdag is om die draai en ons werk dat die biesies bewe om die handwerk klaar te kry. Indien daar nog hande is wat graag wil kom help met naaldwerk en kaartjies maak, sal ons dit BAIE waardeer. Ek is ook dringend op soek na hulp om die langspeelplate in plekmatjies te omskep. Daarvoor het ek bordverf nodig asseblief. Baie dankie byvoorbaat.

Die tande en brille is ook weer aan die beurt. Petro se laaste tande is pas getrek en oor 3 weke benodig ek R2400 vir haar hele mond se kunsgebit. Sy is so opgewonde om tog net weer mooi te kan glimlag. Sy kry Woensdag ook haar bril @ R350. Met die toets van haar oë is bevind dat sy reeds 50% blind in die een oog is. Haar grootste begeerte is om self te kan bybellees. Alles wat sy hier doen is vir haar 'n probleem omdat sy nie behoorlik kan sien nie. Sy het op 'n stadium gehelp met die afknip van die borduurgare en toe ek kyk na die werk het sy gaatjies in die lap geknip omdat die ogies nie lekker kan sien nie. Sy doen dus dinge wat sy kan en gewilligheid is iets wat beslis nie ontbreek by haar nie. Ivon het Maandag haar

tande gekry en waar sy voorheen gedurig met haar hand voor haar mond rondgeloop het, kan sy nie genoeg glimlag nie. Daar is 'n paar mense wat nou aan die beurt is ook vir tande en brille en ek sal soos dit 'n behoefte raak my versoek rig. Baie dankie byvoorbaat.

Elfrieda het 'n baie oulike plan vir die jaareinde se behoeftes gemaak naamlik dat ek 'n drasak met 'n naam op beskikbaar maak met die behoeftelys binne-in. Gemeentes of individue kan dan skakel en so 'n sak by my kom afhaal of ek sal dit aflewer. Dit sal ook duplisering uitskakel. Die feestyd lê voor maar ook die nuwe skooljaar vir ons kleingoed. Skryf behoeftes moet aangekoop word teen einde November voor die pryse weer opgaan. Stuur sommer vir my 'n epos asb.

Eljada Huis groete

Annatjie

'n Kort lysie van dringende behoeftes:

- Eljada Huis kombuis – tuinstoele en voed selverwerker/menger, waaiers, purity botteltjies,
- Jenny – strykplank en koningingrote duvetinner
- Ivon – Strykplank, waaier en yskas
- Sonja – blikoormaker, waaier, strykyster en yskas
- Bernadine – enkelbed
- Margaret – Strykyster, strykplank, enkel bed, yskas en broodrooster
- Marie – sitkamerstel, los stoele vir kom buistafel, los matte, yskas en broodrooster
- Hettie – Strykyster, strykplank, yskas en enkelbed matras.

Ons KOSNOOD is;

- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en spaghetti, koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos margarien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos en eiers.
- KONTANT – R50 per maand.
- Toiletware – alle

Bankbesonderhede

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,
Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**